8 April 2022

Geagte Ouers

WEEKLIKSE KOMMUNIKASIE

BOODSKAP

"Ek, die Seun van die Mens, het immers gekom om wat verlore is, te soek en te red."
Lukas 19:10

PERSONEEL

Verjaarsdae:

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar het tydens die vakansie sowel as die week.

27 Maart – Juffrou Antoinette (DPJ – Gr. RR – Gr. 1)
4 April – Juffrou Mariska (Gr. 7)
7 April – Juffrou Jana (Gr. 5)

Mag u 'n geseënde dag en jaar saam met u gesin en familie beleef.

Lief en leed:

Baie geluk aan die volgende personeel wat verloof geraak het gedurende die vakansie.

Juffrou Jizelle Celliers (Gr. 6)
Juffrou Mandi Janse van Rensburg (Gr. 7)

Nuwe personeel

Baie welkom aan die volgende personeel wat aangesluit het by die Roodie-familie.

Ons hoop u sal vinnig deel voel van die Roodie-familie en baie gelukkige jare by ons skool beleef.

Mnr. Ruan du Preez (Onderwys-assistent)
Juffrou Clarize von Brandis (Intermediëre fase en Seniorfase LO)

ALGEMEEN

Oueraand Gr. 4 – Gr. 7

Maandag, 11 April vind die Gr. 4 – Gr. 7 oueraand en uitdeel van rapporte plaas vanaf **16:30 tot 19:00.** Rapporte word afgehaal by u kind se registerpersoneellid.

Rapporte Gr. R – Gr. 3

Die grondslagfase se oueraand het reeds gedurende die eerste kwartaal plaasgevind. Leerders ontvang **Dinsdag, 12 April** hul rapporte aan die einde van die dag

Paasnaweek

Die skool sluit **om 12:00 op Donderdag, 14 April** vir die Paasnaweek. Mag u en u gesin ‘n geseënde Paasfees saam beleef.

Wagklas

Daar sal **Donderdag, 14 April** ‘n wagklas in die saal beskikbaar wees tot en met **13:30**.

Naskool

Die naskool gaan voort soos normaal.

Buitemuurse aktiwiteite

Daar sal **Donderdag, 14 April** GEEN buitemuurse aktiwiteite wees nie.

Kleredrag

Ons is nou midde 'n oorgangsfase. Leerder mag nou herfsdrag dra, as hulle dit verkies. Ouers sal in kennis gestel word wanneer oorskakel word na wintersdrag, afhangende van die weer.

Neem asb. kennis dat leerders nie toegelaat word om kaalvoet te loop, indien hulle 'n langbroek dra nie.

Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om asb. seker te maak dat alle wintersklere gemerk word.

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

Kwartaal 2

Ons wens almal 'n geseënde kwartaal toe. Die tweede kwartaal is tradisioneel 'n bitter besige kwartaal op alle terreine in akademie, kultuur en sport.

Leerders moet asb. vroegtydig begin voorberei vir die assesseringsreeks, sowel as vir die eksamen.

REGSTELLING: DAGBOEK VOORBLAD-KOMPETISIE

Baie geluk aan Jaydon van Zyl (Gr.2V) wie se prent op die buiteblaaie van die Graad twee dagboek pronk. Jammer vir die foutiewe plasing.

OPVOEDKUNDIGE TOERE

Baie dankie aan alle ouers wat reeds aan die toere begin afbetaal het.

Ons herinner u daarvan dat **ALLE** gelde van die Gr. 4, 5 en 7-toere reeds teen **24 JUNIE** betaal moet wees.

ALLE Graad 6-toergelde moet teen **20 SEPTEMBER** betaal wees.

ATLETIEK

Gautengkampioenskappe

Ons is ongelooflik trots op die volgende atlete wat besonders goed presteer het tydens die SA-kampioenskappe die vakansie.

Keegan Els – Verspring 2de plek
Mile Olivier – Hekkies 4de plek
Miandi Breedt - 200m 6de plek
Miecke van der Merwe – 150 m 7de plek.

Julle het voorwaar die Roodie-naam hoog gedra.

Dankie aan Mnr. Deon, mnr. Ian, mnr. Anton en mnr. Konradt wat ons leerders bygestaan het tydens die kampioenskappe. Dit word opreg waardeer.

RUGBY

Camp Discovery (Rugbytoer)

Met die seuns wat weer op 'n toer kon gaan, is ons trots om te sê die seuns het dit baie geniet. Nuwe bande is gebou en rugby was weer kompeterend gewees. Dit was vir die afrigters baie lekker om te sien op watter standaard ons spelers alreeds funksioneer. Ons sien uit na 'n opwindende liga wat voorlê.

NETBAL

Baie sterkte aan ons netbaldogters wat hul eerste ligawedstryde speel op Dinsdag, 12 April teen Bryanston Parallel te Bryanston Parallel.

TENNIS:

Let asseblief op die tye, groepe en dae wat van volgende week af verander t.o.v. die tennisoefeninge.

WOENSDAE:
Gr. 1 - 13:15 - 13:55
Gr. 2 - 13:55 - 14:35
Gr. 3 - 14:35 - 15:15

VRYDAE:
Gr. R - 13:00 - 13:40
Gr. 4+5 - 13:40 - 14:40
Gr. 6+7 - 14:40 - 15:40

LANDLOOP

Landloopoefening vir die week 11 – 14 April : Maandag 16:00 - 16:45. Daar sal geen Landloopoefening Dinsdag wees nie, as gevolg van die afrigters wat betrokke is by netbal- en rugbywedstryde.

ROODIE-GHOLFSPAN INLIGTINGSAAND

Ons is baie opgewonde om ons ouers mee te deel dat Roodies vir die eerste keer Gholf as ‘n sport gaan aanbied.

Die inligtingsaand vir plaas **Woensdag, 13 April om 18:00** in die saal.

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

Daar gaan twee rondes van proewe plaasvind, die eerste een is die **22 April** (Driving range proewe). Indien u kind deurdring na die volgende ronde gaan die proewe op **29 April** (Baan, proewe, 9 gaatjies sal gespeel word.)

Die volgende word vereis vir leerders om te kan deelneem aan die proewe:

- Slegs Gr. 4- tot Gr. 7-leerders.
- Moet eie gholfstel besit.
- Moet ten minste 2 jaar al speel.
- Alle kostes (driving range + baan) op eie onkoste. (Spesiale tariewe met Ruimsig is gereël en sal op die inligtingsaand bespreek word.)
- Indien span behaal word, sal oefening op Vrydae plaasvind.
- Oefeninge sal bestaan uit twee driving range en twee baansessies per maand.

Groete

HOOF

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net